Publication: Rapport (Gauteng), Beleef
Date: Sunday, December 04, 2022
Page: 16

Beleggings – die mag van geduld

Kies die regte fondse en wag jou beurt af

Nico van Gijsen

Raad met jou rande

Ek gesels vandag oor beleggings. En die mag van geduld.

Maar eers iets oor diamante.

Waar, wonder ek, het Louis Liebenberg 'n naam soos Forever Diamonds gaan uitgrawe vir sy sogenaamde beleggingskema?

Toe tref dit my: *Diamonds Are Forever*, die James Bond-fliek van 1971.

Daardie ikoon van 'n spioen, toe gespeel deur Sean Connery, met die aanvallige Lana Wood as Plenty O'Toole, die meisie wat Bond in 'n casino ontmoet.

Ek en my pêlle wou daardie tyd almal spioene wees. Lekker aksie. Skiet, skop en dinges. En mooi meisies wat om jou koer. Hemels.

Bond, agent 007, het homself juis voorgedoen as 'n diamant-smokkelaar.

Liebenberg, of dan "LL", in spioentaal, luidens nuusberigte, smous "pakkies" ongeslypte diamante. Wat hy nie mag verkoop nie. Maar tog 'n "wins" van 200% aanbied.

Natuurlik is dit twak. Lees gerus Johan Eybers en Pieter Steyn se uitstekende stukkie ondersoekende joernalistiek "Louis kan nie sy diamante wettig verkoop nie" in *Rapport* van 27 November.

Leef Liebenberg in 'n Bond-droomwêreld?

Ek weet nie. Hy het oënskynlik 'n meestersgraad in vloek, maar sukkel kwaai met beleggings 101.

Diegene wat sy Forever Diamonds-snert glo, moet hul kop laat lees. Ek het geen simpatie nie.

Beleggings en geduld

Beleggingsgroei kom oor tyd.

Ons weet dat opbrengste oor die afgelope sowat drie jaar net een pad geken het en dis ondertoe.

Maar, soos ek en ander al hoeveel keer uitgewys het, solank as wat jy geduldig is, gaan jy die voordeel van jou beleggingsgroei kry (mits jy natuurlik van die begin af in die regte fondse belê het).

Ons is pas deur - en ek hoop ons is finaal daardeur - die langste beermark waaraan ek kan dink.

Die goeie nuus is dat, soos ek oor weke die markte dophou, daar 'n duidelike tendens is. Boontoe. En die Suid-Afrikaanse mark presteer tans stukke beter as buitelandse markte.

Die Alle-aandele-indeks (Suid-Afrika) se groei oor die afgelope jaar is reeds 11,8%, met 9,3% groei net oor die afgelope maand. Die Top-40-aandele se groei was 12% oor 'n jaar en 10,8% oor die laaste maand.

Die MSCI-wêreldaandele, daarenteen, toon steeds 'n negatiewe -13,0% oor 'n jaar met groei van 5,9% die afgelope maand. Die S&P 500 wys steeds 'n negatiewe -12,6% oor 'n jaar, met 4,3% groei oor die afgelope maand.

Dit neig eweneens boontoe, maar duidelik teen 'n stadiger pas as die Suid-Afrikaanse mark.

Interessant is dat ek nêrens sien dat die "belê al jou geld in die buiteland"-kommando iets sê soos "ons fondse het meer as 30% in markwaarde gedaal; dit is nou tyd om te belê" nie. Dit kan wel die regte raad wees. Jy belê tog juis as die mark laag is. Dié mark sal wel ook bykom.

Maar nou ja, jy moet seker "ghoens" so groot soos waatlemoene hê om so iets te sê, nè?

Dit is belangrik om te verstaan met beleggings dat jy geduld moet hê. Daarom dat ek praat van die "mag" van geduld.

Tyd heel mos alle sondes, nie waar nie? Net so met die beleggingsmarkte. Dit is tyd in die mark wat tel, nie tydsberekening met 'n rondspringery nie.

Ek steun dit met werklike syfers

'n Kliënt wie se beleggings ook swaar getrek het ná Covid en toe die Russies-Oekraïense oorlog, het die afgelope week groei van bykans 3,59% (afgerond) in een van sy beleggingsportefeuljes ('n plaaslike belegging) gehad.

Ek wil twee punte maak.

Die eerste is dat jy so moet belê dat jou geld vir jou werk. Die waarde van hierdie belegging op 10 November was R1 153 920. 'n Week later, op 28 November, was dit R1 195 301. Dit is groei van R41 381 (of 3,59% afgerond). Binne 'n week.

Hoe vergelyk dit met jou inkomste per maand? En oor 'n week? Hoe hard werk jy daarvoor?

Dit is hoekom jy moet spaar. Dan kan jou geld vir jou werk. Jyself hoef niks te doen nie. Is dit nie lekker nie?

Die tweede punt raak die persentasie groei. As ek die groei van 3,59% oor 'n jaar verreken, kyk ons na kumulatiewe groei van sowat 526%.

Beteken dit dat ek vir kliënte groei van 526% per jaar kan aanbied? Die somme bevestig dit tog.

Of dalk kan ek dit noem as potensiële groei? Potensieel is tog nie jok nie. Ek belowe mos niks. En ek het die syfers om dit te ondersteun.

Natuurlik kan ek nie. Dit sou uiters oneties wees (as daar grade van etiek was).

Geen belegging lewer hierdie tipe groei nie. Ons almal weet dit.

En tog sluk baie mense soortgelyke snert oor hemelhoë opbrengste, aangebied deur kansvatters wat nêrens geregistreer is om beleggingsraad te gee nie.

Dit is vir my een van die vreemdste verskynsels.

Vir lesers wat reg wil belê, maar steeds twyfel, praat met 'n kundige beleggingsraadgewer.

Die grootste groei vind altyd plaas in die eerste fase van die opwaartse kurwe.

Dit maak nie sin om te wag dat die mark "stabiliseer" nie. Dit is onkunde wat so praat.

Die tyd is nou.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.